

LENTEDAG

Teks: Genesis 6 - 8



WELKOM

Natuur skattejag: Stap buite rond. As jy 'n blom sien, doen die "happy dans"; as jy 'n boom sien, vries; as jy 'n dier hoor, skree "who who".



WYDING

Geniet 'n oomblik buite en raak bewus van al jou sintuie: Voel die son wat skyn, die wind wat waai. Hoor die voëltjies wat tjirp, die honde wat blaf, goggas wat zoem. Ruik die blomme (bv. jasmyn). Kyk na al die veranderinge vanaf herfs tot nou. Wat het gebeur?



WOORD

Genesis 6:9 - 8:22. (Lees die verhaal van Noag uit 'n Kinderbybel of vertel die belangrikste momente uit die Bybel.)

Die Here het nie net die mense gered nie, maar Hy het ook die diere gered. Na die vloed stuur Noag 'n duif om 'n blaar te gaan soek. Die natuur is oral deel van die geskiedenis en van die By-bel. God het ons oppassers van die aarde gemaak. Hoe kan ons die natuur oppas? Ons kan oppassers wees deur water te bespaar. Dink aan 'n paar maniere om dit reg te kry. Ons kan oppassers wees deur rommel op te tel en nie plante te breek nie. Ons kan oppassers wees deur na alle diere te kyk en hulle nie seer te maak nie.



WERSKAF

Hulpmiddels:


- ⊗ Knope
- ⊗ "Cupcake holders" of eierhouders geknip in individuele bakkies
- ⊗ Koekkleursel om eierhouders te verf
- ⊗ Regte blare of blare geknip uit karton
- ⊗ Papier om op te werk
- ⊗ Gom
- ⊗ Pypskoonmakers, tou, lint of wol



1. As jy eierhouders gebruik, verf dit vooraf en laat dit droog word.



2. Pak jou blomme tydelik uit op die papier sonder om dit vas te plak. Besluit waar die blare moet kom en plak dit vas. Haal eers weer die blomme af.



3. Plak die stingels (wol of pypskoonmakers) vas, maar moenie die onderste deel vasplak nie. Bind nou 'n strik (lint of wol) om die onderste deel van die stingels. Plak daarna die onderste gedeeltes van die stingels vas.



4. Plak daarna die blomme ("cupcake"- of eierhouertjies) vas. Plak die knope binne-in die blomme vas.

Sluit af deur vir die natuur te bid na aanleiding van die lenteprent:

Blomme: Sê dankie vir die berge, diere en goggas wat vlieg.

Blare: Sê dankie vir die plante, bome en diere op die grond.

Stingels: Sê dankie vir die plante en diere in die see, vir die diere wat onder die grond bly en die grond self.

Strik: Ons as mense is verantwoordelik om te sorg vir die natuur.